


JESAJA
OORDEEL! ISRAEL SE REBELLIE SAL TEEN 'N PRYS KOM
BABILON
ASSIRIË
JESAJA SE BOODSKAP:
JERUSALEM
HOOP! DIE VERVULLING VAN GOD SE VERBONDSBELOFTES
TOEKOMSTIGE KONING VAN DIE LYN VAN DAWID (2 SAMUEL 7)
ISRAEL SE GEHOORSAAMHEID AAN DIE VERBOND (EKSODUS 19)
GOD SE SEËN AAN DIE NASIES (GENESIS 12)
Lydende Dienskneg Koning
Verbondsfamilie van Alle Nasies
Hoop vir 'n Hernude Skepping
* WIE SE STEM HOOR ONS IN HOOFSTUKKE 40-66?
(DIE PERSPEKTIEF IS VAN NA BALLINGSKAP — SIEN ESRA-NEHEMIA)
JESAJA
A. DIE STEM VAN JESAJA IN DIE TOEKOMS IN GENEEM
B. DIE STEM VAN JESAJA EN SY PROFETIESE DISSIPELS
(SIEN 8:16, 29:10-12, 30:8-9)
720's V.C.
530's V.C.
BALLINGSKAP
HOOP & OORDEEL
"DISSIPELS" (8:16)
1-39
1-12 OORDEEL & HOOP VIR JERUSALEM
1-2
REINIGENDE VUUR
OU JERUSALEM
REBELLIE, AFGODERY & ONGEREGTIGHEID
NUWE JERUSALEM
GEREGTIGHEID & VREDE VIR ALLE NASIES
6 JESAJA SE TEMPELVISIOEN
HEILIG! HEILIG! HEILIG!
DIS KLAAR MET MY!!
NEE, JY'S GEREINIG! GAAN NOU...
ASSIRIË & BABILON
ISRAEL
'N HEILIGE SAAD?
7-12
AGAS
(BOO! HISS!)
7 "IMMANUEL" = GOD MET ONS
11 'N NUWE "TAK" VAN DIE STOMP VAN DAWID SE FAMILIE
9 VRYHEID VAN ONDERDRUKKING
BEKRAGTIG DEUR GOD SE GEES
JULLE GAAN VERLOOR! GOD SAL 'N NUWE KONING OPRIG.
NUWE JERUSALEM
ALLE NASIES
13-27 OORDEEL & HOOP VIR DIE NASIES
13-23 VAL VAN BABILON & ISRAEL SE BURE
EK SAL OPVAAR NA DIE HEMEL... ...EN MYSELF SOOS DIE ALLERHOOGSTE GOD MAAK! (14:13-14)
MAAR JY SAL TOT 'N VAL GEBRING WORD TOT BY DIE GRAF! (14:15)
FILISTYNE
MOAB
BABILON
DAMASKUS
EGIPTE
TIRUS
ASSIRIË
24-27 'N VERHAAL VAN TWEE STEDE
• VOORBEELD VAN REBELSE MENSDOM
• BESKRYF MET BEELDE VAN HOOFSTUKKE 4-23
DIE VERHEWE STAD
BESTEM VIR VERNIETIGING.
GOD SE KONINKRYK OOR ALLE NASIES!
GEEN LYDING OF DOOD MEER!
DIE NUWE JERUSALEM
BALLINGSKAP!
28-39 DIE OPKOMS EN VAL VAN JERUSALEM
28-35 BESKULDIGING VAN JERUSALEM SE LEIERS
ALLIANSIE MET EGIPTE
NEE! JULLE SAL GERED WORD DEUR BEROU & VERTROUE!!
VERLOS ONS VAN DIE ASSIRIËRS, O HERE!
36-38 HISKIA SE OPGANG
WONDERBAARLIK GERED!
KLOP KLOP
39 HISKIA SE VAL
HEH HEH
NEE! BABILON SAL JERUSALEM VERRAAI & VERNIETIG!
EN JA, 100+ JAAR LATER...
BABILON VAL AAN! (SIEN 2 KONINGS 24-25)
40-48 AANKONDIGING VAN HOOP
40 "TROOS, TROOS MY MENSE!"
• BALLINGSKAP IS VERBY!
• ISRAEL KAN TERUGKEER HUIS TOE
• GOD SE KONINKRYK KOM
41-47 DIE HOFSAAK
DIE BESKULDIGING
GOD SE ANTWOORD
DIE REGTE GEVOLGTREKKING
MAAR
48 ISRAEL IS STEEDS OPSTANDIG
GOD HET ONS & ONS PROBLEME GEÏGNOREER! (40:27)
MISKIEN IS DIE HERE NIE DIE MAGTIGSTE GOD NIE...
1) BALLINGSKAP WAS OORDEEL, NIE VERWAARLOSING NIE
2) OM ISRAEL SE ONTHALWE HET GOD PERSIË OPGERIG OM BABILON TE VERSLAAN
ISRAEL SE GOD IS DIE WARE KONING OOR DIE GESKIEDENIS!
GOD SE DIENAAR AAN DIE NASIES 42
GOD GAAN IETS NUUTS DOEN!
49-55 DIE DIENAAR VERVUL GOD SE MISSIE
49 GOD'S DIENAAR
JY IS NOU "ISRAEL"
GOEIE NUUS! GOD SE KONINKRYK!
DIE MISSIE:
1 OM ISRAEL TE VERNUWE
2 OM 'N LIG VIR DIE NASIES TE WEES
WORD VERWERP & DOODGEMAAK (50:4-9, 52:13-53:12)
DIENAAR SE DOOD = 'N OFFER VIR SONDES
MAAR LEEF WEER (53:10-12)
EK VERKLAAR JY IS REG BY GOD!
54-55
2 Maniere om te Reageer:
"DIE BOSE" VERWERP EN STAAN DIE DIENAAR TEË
"DIE DIENAARS" (of "DIE SAAD") IS NEDERIG & BEKEER
56-66 DIE DIENAARS ERF GOD SE KONINKRYK
die NUWE JERUSALEM
DIE BOSE: • KRY GOD SE OORDEEL • VERWYDER UIT die STAD
VERGEWE ONS, O HERE!
MAG U KONINKRYK KOM!
DIE DIENAARS: ERF DIE NUWE SKEPPING
59 GEBED VAN BEROU
60-62 DIENAAR KONDIG GOD SE KONINKRYK AAN
63-64 GEBED VAN BEROU
56b-58 KONTRAS TUSSEN DIE BOSE & DIE DIENAARS 65-66a
56a ALLE NASIES GENOOI OM BY GOD SE VERBONDSFAMILIE AAN TE SLUIT 66b
gemaak deur BibleProject

# JESAJA 1:1-2; 10-20

'Die openbaring wat Jesaja seun van Amos ontvang het aangaande Juda en Jerusalem. Dit was in die regeringstyd van Ussia, Jotam, Agas en Hiskia, konings van Juda. Luister, hemele, gee aandag, aarde, want die Here het gesê: Ek het kinders grootgemaak en opgevoed, maar hulle het teen My in opstand gekom. '

**Luister na die woord van die Here**, julle Sodomsleiers! Gee ag op wat ons God julle leer, julle Gomorrasvolk! Wat het Ek aan julle baie offers? vra die Here.
**Ek is sat van die brandoffers** van ramme en die vet van voerbeeste;
die bloed van bulle en lammers en bokke staan My nie aan nie.
As julle kom om voor My te verskyn, wie het julle gevra om my voorhowe te kom vertrap?
Moenie langer julle nuttelose offergawes bring nie: Ek het 'n afsku van julle wierookoffers.

Nuwemaansfeeste, sabbatsvierings, die uitroep van feesdae: Ek verdra nie feesviering met onreg saam nie. Julle nuwemaansfeeste en feesgetye haat Ek. Hulle is vir My 'n las, Ek is moeg daarvoor.

As julle julle hande in gebed uitstrek, sal Ek my oë vir julle toemaak. Selfs al bid julle hoe baie, sal Ek nie luister nie, **want julle hande is met bloed bevlek**.

**Was julle, reinig julle**. Moenie voor My verskyn as julle verkeerd doen nie.
Hou op met kwaad doen. **Leer om weer goed te doen**, sorg dat daar reg geskied, gaan die verdrukker teë. Laat reg geskied aan die weeskinders, behartig die regsake van die weduwees.
**Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol**. As julle gehoorsaam wil wees, sal julle die goeie van die land eet, maar as julle weier en opstandig bly, sal die swaard júlle eet, want dit is die Here wat dit gesê het. '

**Lees Jesaja 1-2; 10-20 saam**. Jesaja profeteer hierdie woorde aan die uitverkore volk, diegene wat die wet van God ontvang het en daarvolgens lewe.

Hoe sal jy God se karakter beskryf nadat jy dit gelees het?

Hoe dink jy is God se gemoedstoestand op hierdie stadium?


GOD HET GENOEG
GEHAD

Inderdaad, God is kwaad.  Hy haat die offers, verag die gebede, is siek en sat vir die volk se betekenislose “worship/ aanbidding”.

Die probleem lê sekerlik nie by die offers, feeste, tradisies, rituele, gebede wat God self ingestel het as ‘n manier om Hom te dien nie, maar eerder by die hart en gesindheid waarmee die volk dit doen. As hulle dit net doen omdat hulle “moet” of dit die “regte” ding is om te doen, is dit heeltemal verkeerd in Sy oë.

Wat dink jy is die dinge wat ons daagliks doen wat God moontlik kwaad kan maak?  Wat sal God sê van jou kerk, jou huis, jou werksomgewing en die gesindheid waarmee dinge gedoen word?



*Voel dit vir jou soms of jou lewe ‘n malle gejaag na wind is?*

*Gee jy voluit vir die resies, maar dit voel vir jou asof jy nie vorentoe beweeg nie en keer op keer met dieselfde probleme sit?  Moeg, afgemat, te veel werk, te gejaagd, maar ontevrede?*

**Net soos die Israeliete in ‘n sonde-siklus verval het, beland ons ook dikwels in die maalkolk van die “rat race”.**

*Is jy of jou kinders gedoop?  Voel dit vir jou asof dit ‘n verskil gemaak het in jou lewe?*

*Het jy jou sondes bely en bekeer, maar het dalk al weer verval in dieselfde gat?*

*Woon jy jou kerk se eredienste by, doen bybelstudie en is betrokke, maar jy voel steeds nie vervuld en op die regte pad nie?*

Dalk gee jy jou beste, jou alles, doen alles en meer wat van jou verwag word, 110%… maar in die verkeerde rigting… In die verkeerde sirkel… Op die verkeerde resiesbaan…

Wanneer ons harde werke ons moedeloos en uitgeput in ‘n eindelose sirkel laat beland, is ons dalk besig om in ‘n verkeerde sirkel, op ‘n verkeerde baan en in ‘n verkeerde rigting te hardloop.

Hebreërs herinner ons dat ons ‘n resies het om te hardloop (voluit!), maar dis ‘n resies agter Jesus aan – om Hom te dien en eer!

*Hoeveel tyd en energie spandeer jy aan jou werk? Jou kinders? Is jou werk en jou huisgesin vir jou ‘n geleentheid om God te eer? Is dit jou eerste prioriteit? Is dit die rede hoekom jy dit doen?*

Jesaja 1:15 sê "*ons hande is met bloed bevlek*".

Ons werk ons dood; probeer so hard; dis bloed, sweet en trane, maar dis nie wat God van ons verwag nie.  Die probleem lê nie altyd by die dinge wat ons doen nie, maar hoe ons dit doen.  Hy verwag 'n rein, opregte, suiwer hart wat Sy heiligheid te alle tye eer.

Hy soek nie hande met bloed bevlek nie.  Hy soek skoon hande. Hande wat Hom kan eer en dien.

Hoe dink jy wil God hê jy moet Hom dien deur jou handewerk?



**Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu.**

Al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol. As julle gehoorsaam wil wees, sal julle die goeie van die land eet, maar as julle weier en opstandig bly, sal die swaard júlle eet, want dit is die Here wat dit gesê het

Vers 16-20 bring hoop.  Dankie tog dat Jesus die grootste daad ooit verrig het aan die kruis sodat ons skoon kan kom en voor Hom mag staan.

**Hoe harder ons probeer, hoe meer ons onnself probeer was, hoe meer bloei ons, trek ons swaar en voel onvergenoegd.**

Dankie tog vir Jesus se bloed en goeie werke wat ons kom skoonwas het!

Alhoewel net geloof ons kan red, beteken nie ons moet handjies gevou sit nie.  Ons moet ons hande aanhou was en aanhou werk – **leer om goed te doen!**  Die Nuwe Testament is vol advies om aan te hou met goeie werke.


LEER OM GOED TE DOEN

Lees weer vers 16-20.  Wat dink jy bedoel God deur goeie werke wat ons moet doen?  Wat sê hierdie verse vir ons oor goeie dade?

**Die goeie dade waarna Jesaja verwys is alles dade wat met 'n heel hart gedoen word tot eer van die Here.  Om kwaad te doen, is om jouself af te sloof, maar vir die verkeerde redes en met 'n halwe of 'n leë hart.**

Ons goeie dade het 'n evangeliese effek (Matt 5:14-16)

Moenie ophou goed doen nie (Gal 6:9-10)

Geskep vir goeie werke (Ef 2:10)

Dien die Here met jou werke (Kol 3:23-24)

Ryk in goeie dade (1 tim 6:17-18)

Wy jou toe aan goeie dade (Titus 3:8)

Moedig mekaar aan tot goeie dade (Heb 10:24)

Geloof en goeie dade (Jakobus 2:14-17)



Om wasgoed te was en skoon te kom is harde werk.  Jy moet vlekke uithaal, ophang, stryk, wegpak.  Wasgoed was het vir my 'n ekstra stryd geraak waar ek nou bly.  Daar is skynbaar iets fout met die water in ons area en ek moet my wit wasgoed soms drie keer was en dan is dit steeds vuil.  Dit kom vuiler uit die masjien uit as wat dit ingegaan het.  Ek het al alles probeer – Pine gel, koeksoda, asyn, Vanish, bleikmiddels…  Ek begin nou dink dit kan nie net die water wees nie… Ek dink ek kort 'n nuwe masjien (myne is 30-40 jaar oud!)

Wasgoed was is harde werk.  Maar dit sal nie so uitputtend wees as ek die regte masjien gebruik nie.  Dalk is ek besig om in die verkeerde maalkolk te woeker en te werk.  Wanneer ons in God se baan werk, sal ons harde werk alles die moeite werd wees en al word ons ook moeg en uitgeput, sal ons ook die vreugde en vrug daarvan ervaar.  God was sagkens, dog deeglik en silwerskoon.



# GEBED

## FILIPPENSE 4:6



- Here,  help ons om nie in die malle gejaag na wind te verval nie, maar eerder U eer as ons fokus te gebruik
- Mag ons deur al ons harde werke U Naam groot maak en U dien
- Dankie vir wat U werke aan die kruis wat ons skoongewas het en dit vir ons moontlik maak om goeie werke vir God te mag doen
- Help ons om uit ons betekenislose roetines te breek en weer vreugde in ons daaglikse roetines te beleef

AMEN.